

13 Mei Matteus 18:6-9

(Teks 18:6)

Sorg of struikeling?

God se Koninkryk is vir kinders bedoel. En wie dit verstaan, verstaan dat 'n kind iemand is wat sorg verdien. Baie spesiale sorg. Daarom dat Jesus in Matteus 18:6 sê: Moenie een van hierdie kleintjies wat in my glo laat struikel nie.

Vers 5-9 van Matteus 18 leer: dat in die koninkryk van God waar ons almal "kinders" is, is ons met sterk bande aan mekaar verbind.

Onderlinge sorg vir en teenoor mekaar is vir Jesus belangrik, want nog nooit was 'n klein kindjie selfversorgend gewees nie. En dit is ons elkeen: Kindjie in Gods Koninkryk.

Só moet ek myself sien en moet ons mekaar sien. Ons moet onself en mekaar nie as reuse of base beskou nie; intendeel, indien ons biddend na onself en na mekaar kyk, dan sien ons klein, swak beïnvloedbare kindertjies. Dit is ek en jy voor God en sy koninkryk.

En nou weet u mos: Kinders word maklik verlei om die verkeerde te doen. Die gawe van onderskeiding ontbreek nog. Lelike gewoontes word maklik aangeleer. Daarom - en dit is die kern van Jesus se lering: - moet ons só teenoor mekaar optree asof my mede-broeder en -suster kinders is wat maklik verlei kan word.

My optrede is uiters belangrik, want elke gelowige is 'n kind en net soos kinders net elke Christen beskerming en sorg en begrip nodig.

Ek mag nie 'n Godskind laat struikel nie. En hoe maklik gebeur dit nie! My voorbeeld is baie belangrik.

Versorg of pootjie u koninkrykskinders? En indien u ernstig is daarvoor om self nie te struikel nie, sal u ernstig wees daarvoor om te sorg dat ander nie struikel nie.

Dink daaraan wat Jesus moes doen om wat hier gemis word vir u moontlik te maak. Self kom "struikel" in die sonde van die wêreld sodat u kan bely: Hy is dit wat my voet van struikeling behoed.

Sy nederigheid.

Sy liefde.

Sy sensitiewe sorg.

Sorg u vir die kinders in Gods koninkryk of sorg u dat hulle struikel?

Sing Psalm 18:1,2,9

Ds. P.H. Heystek (Pretoria-Magalieskruin)